WHEAT FORUM

c/o L&L Agricultural Services
Grain Building
477 Witherite Road
THE WILLOWS
0184

P.O. Box 74626
LYNNWOOD RIDGE
Pretoria
0040

Tel: +27 (12) 807 3958/4191
Fax +27 (12) 349-8707
e-mail:leon@llagric.co.za

Mediaverklaring / Media statement

Nuwe vrywillige wintergraanheffing ingestel

'n Alternatiewe trust vir die vordering van vrywillige wintergraanheffings – die Suid-Afrikaanse Wintergraan-bedryfstrust (SAWCIT) – is deur die bedryf in plek gestel nadat die Nasionale Landboubemarkingsraad nie die bedryf se aansoek vir die voortsetting van die statutêre heffing wou aanbeveel nie.

Dit volg nadat georganiseerde landbou moes ingryp in die werksaamhede van die Wintergraantrust. Belangrike bedryfsfunksies word met die fondse gefinansier en dus moes die bedryf vinnig 'n alternatiewe stelsel in plek kry voor die aanvang van die nuwe bemarkingseisoen op 1 Oktober 2020.

Die landboubedryf in Suid-Afrika moes sedert die deregulering van die beheerrade belangrike funksies uit eie fondse onderhou. Hierdie funksies stel ons waardeketting in die landbou vanaf produsent tot verbruiker in staat om wêreldwyd mededingend te wees. Dit verseker voedselsekerheid en die funksies wat befonds word, is onder meer van die hoekstene waarop ons vrye mark gevestig is.

Wat is die belangrikste funksies wat met die heffings gefinansier word?

- Suid-Afrikaanse Graanlaboratorium (SAGL)
- Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens (SAGIS)
- Navorsingsprojekte
- Transformasie

Wie ondersteun die vrywillige heffing?

Privaatsektor: SANSOR (saadmaatskappye), Agbiz Grain (opbergers), Graan SA (produsente), AFMA (veevoervervaardigers), SACOTA (handelaars), JSE (Safex), Nasionale Meulenaarskamer (meulenaars), Suid-Afrikaanse Kamer van Bakwese (bakkers), Pioneer Foods (PepsiCo) en die SA Nasionale Verbruikersunie.

Is die doelstelling en funksies van die nuwe trust anders as die vorige Wintergraantrust (WCT) waaruit die noodsaaklike funksies befonds was?
Nee, dit is feitlik identies. Die bedryfskoste sal egter minder wees. Die interim maatreël geld tot die WCT se bestuur weer na wense funksioneer.

Wat is die bedrae van die vrywillige heffings? (Let wel dit is BTW uitgesluit)

Koring	R14,50 per metrieke ton
Gars	R14,50 per metrieke ton
Hawer	R6,00 per metrieke ton

Waarop is die heffings betaalbaar?
Die heffings is betaalbaar op alle koring, gars en hawer:

1. wat deur die produsent daarvan verkoop word;
2. wat ingevoer of uitgevoer word;
3. wat deur of namens die produsent verwerk of geprosesseer word;
4. waarvoor ‘n silo-sertifikaat uitgereik word.

Hoe word die heffings gevorder?
Produsente en andere wat graan lewer moet magtiging gee dat die vrywillige heffing wat in die prys van sy koring, gars of hawer ingereken is by die verkoop of lewering daarvan afgetrek mag word.

Wie is verantwoordelik vir oorbetaling van die heffings?
Die koper, verwerker, prosesseerder, invoerder, uitvoerder of persoon wat die silo-sertifikaat uitreik is verantwoordelik vir die oorbetaling van die heffings.

Aan wie word die vrywillige heffings betaal?
Die heffings word aan die Suid-Afrikaanse Wintergraan-bedryfstrust (SAWCIT) betaal en die bankrekening sal spoedig aan die bedryf bekend gestel word.

Wanneer word die heffings betaal?
Die heffings moet voor die einde van die maand, wat volg op die maand waarin die heffings gevorder is, aan SAWCIT oorbetaal word.

Wie besluit oor die gebruik van die heffingfondse?
Die trustees wat deur die bedryfsrolspelers aangestel is om op SAWCIT te dien, sal die gebruik van die heffings namens die bedryf bestuur en beheer.

Wat is die tydsduur van die heffings?
Die vrywillige heffings geld slegs vir die 2020/2021-bemarkingsjaar wat op 1 Oktober 2020 ‘n aanvang neem. Die bedryf sal in die loop van 2020/2021 besluit hoe noodsaaklike dienste in die toekoms befonds sal word.

Vir meer besonderhede kontak asb:
Leon du Plessis – Epos: leon@llagric.co.za

New voluntary levy for winter cereal industry

An alternative trust – the South African Winter Cereal Industry Trust (SAWCIT) – was established by the industry for the collection of voluntary winter cereal levies following the National Agricultural Marketing Council's decision not to recommend the industry's application for continuation of the statutory levy.

This follows organised agriculture's intervention in the activities of the Winter Cereal Trust (WCT). Important operational functions are financed with these funds, and therefore the industry quickly had to put an alternative system in place before the start of the new marketing season on 1 October 2020.

The agricultural industry in South Africa has had to maintain important functions from its own funds since the deregulation of the marketing boards. These features enable our agricultural value chain, from producer to consumer, to compete globally. This ensures food security and the functions that are funded are among the cornerstones on which our free market is based.

What are the most important functions that will be funded with the levy?

- South African Grain Laboratory (SAGL)
- South African Grain Information Service (SAGIS)
- Research projects
- Transformation

Who supports the voluntary levy?

Private sector: SANSOR (seed companies), Agbiz Grain (storers), Grain SA (producers), animal feed manufacturers (AFMA), SACOTA (dealers), JSE (Safex) National Chamber of Milling (millers), SA Chamber of Baking (bakers), Pioneer Foods (PepsiCo) and the SA National Consumer Union.

Are the objectives and functions of the new Trust different from the previous Winter Cereal Trust (WCT) that funded the essential functions?

No, it's virtually identical. However, the operating costs will be less. The interim measure applies until the WCT's functions are managed at a desired level.

What are the amounts of the voluntary levies? (Please note VAT is excluded)

Wheat	R14,50 per metric ton
Barley	R14,50 per metric ton
Oats	R6,00 per metric ton

When are the levies payable?
The levies are payable on all wheat, barley and oats:

1. which is sold by the producer;
2. which is imported or exported;
3. which is treated or processed by or on behalf of the producer;
4. for which a silo certificate is issued.

How are the levies collected?
Producers and relevant parties who deliver their grain shall give permission for the voluntary levies that are included in the price of the wheat, barley or oats to be deducted when sold or delivered.

Who is responsible for paying the levies to the Trust?
The buyer, processor, importer, exporter or person issuing the silo certificate are responsible for paying the levies to the Trust.

To whom are the voluntary levies paid?
The levies are paid to the South African Winter Cereal Industry Trust (SAWCIT); the bank account will be confirmed to the industry in the near future.

When are the levies paid?
The levies must be paid to SAWCIT before the end of the month following the month in which the levies were collected.

Who decides on the use of the levy funds?
The Trustees appointed by the industry role players to serve on SAWCIT will manage and control the use of the levies on behalf of the industry.

What is the duration of the new levy?
The voluntary levies only apply for the 2020/2021 marketing year, which starts on 1 October 2020. The industry will decide during the course of 2020/2021 how essential services will be funded in the future.

For more details please contact:
Leon du Plessis - Email: leon@llagric.co.za.